ALGEMENE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK

GENERAL SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH

26 Junie 2025

**ROETEMERKERS EN ONGEKAART: DIE FEITE**

**AGTERGROND**

Daar is tans inligting in omloop wat wanvoorstellings bevat rakende twee publikasies van Bybel-Media, naamlik **Roetemerkers** en **Ongekaart**. Die mees onlangse is 'n brief deur Rheinier Nel van Bethulie, "Kategeseboek wys NG Kerk kies verkeerde roete" (*Rapport, 15 Junie 2025*). Hierdie brief en ander soortgelyke skrywes wat tans versprei word, is 'n openlike poging om die NG Kerk verdag te maak en lidmate en die leserspubliek te mislei. Dit was ook die rede waarom die voorsitter van die ASM, ds Jan Lubbe, direk op hierdie bewering en verdagmaking van die NG Kerk in die Rapport van 22 Junie 2025 gereageer het.

Gemeentes verdien om feitelik ingelig te wees oor hierdie publikasies, vry van onduidelikheid wat die waarde van sulke hulpmiddele ondermyn.

**DIE PUBLIKASIE: ROETEMERKERS**

Roetemerkers is 'n 40-bladsy publikasie van Bybel-Media wat die vrug is van intensiewe teologiese besinning oor geloofsvorming en bedieningspraktyke om kinders in hul geestelike groeiproses te ondersteun. Hierdie 2019-publikasie word gerugsteun deur 'n verslag dieselfde naam wat beide in 2019 en weer in 2023 deur die Algemene Sinode aanvaar is. Alle verwante verslae, addisionele inligtingsmateriaal en 'n verduidelikende video oor die aard en doel van Roetemerkers is toeganklik en volledig op die Algemene Sinode se amptelike webblad (https://ngkerk.org.za/task-team/roetemerkers-2/) beskikbaar.

Die konsep 'roetemerkers' put inspirasie uit die Bybelse verhaal van Jakob wat tydens sy vlug van sy ouerhuis 'n ontmoeting met God in 'n droom by Bet-El ervaar het. Na hierdie lewensveranderende gebeurtenis rig Jakob 'n klipstapel op as blywende herinnering aan die betekenisvolle oomblik. Hierdie Bybelse voorbeeld illustreer die tradisionele praktyk van die erkenning van groot oorgange in 'n persoon se lewe. Rituele help vier en bevestig sulke kritiese oorgangsfases in kinders en jongmense se lewens, soos die eerste dag van graad 1, die oorgang na 'n nuwe skool, geloofsbelydenis, of die voltooiing van hul skoolloopbaan. Dit word merkers waarna individue later in hul lewens terugkyk as identiteitsvormende gebeurtenisse wat getuig van God se aktiewe betrokkenheid in hul lewens. Hoewel die doop en eerste openbare belydenis van geloof inderdaad sulke betekenisvolle merkers verteenwoordig, is dit geensins die enigste merkers van geestelike betekenis nie; ook volwasse lidmate gaan op hul geloofsreis verby sulke momente van betekenis (huweliksbevestiging, voorbereiding vir die doop van hul kindjie, verkiesing as kerkraadslid). Die Taakspan het juis die boek Roetemerkers ontwikkel om gemeentes van praktiese liturgieë te voorsien vir sulke geleenthede.

Roetemerkers is nie 'n handboek vir kategese nie. Jeugwerkers en gemeenteleiers kan wel die inhoud van hierdie publikasie gebruik vir die skep van betekenisvolle oomblikke in liturgieë tydens die erediens. Die skrywers van hierdie publikasie is gerespekteerde teoloë en leraars met bewese teologiese integriteit wat oor baie jare aktief betrokke was by jeugbediening en ook lid was van die Taakspan Kategese.

**DIE PUBLIKASIE: ONGEKAART**

Ongekaart is 'n afsonderlike publikasie van Bybel-Media wat 'n heel ander oogmerk het en ’n ander teikengehoor het as Roetemerkers. Hierdie omvattende 268-bladsy pastorale hulpbron staan volledig los van enige taakspan of opdrag van die NG Kerk en is nie gekoppel aan besluite van die Algemene Sinode nie. Verder is die publikasie ook nie aan enige sinode of vergadering van die NG Kerk vir amptelike goedkeuring voorgelê nie, wat die onafhanklike aard daarvan beklemtoon.

Die inhoud van Ongekaart is spesifiek gerig op volwassenes wat deur uitdagende en dikwels ongemerkte of ongekarteerde fases van hul lewe gaan, byvoorbeeld moeilike lewenservarings soos die verlies van werk, egskeiding, trauma en siekte - situasies wat mense dikwels onvoorbereid tref en waarvoor daar min gevestigde rituele of begeleidingsmateriaal bestaan. Die boek sluit 'n hoofstuk in wat handel oor die bekendmaking van seksuele oriëntasie, en die individuele skrywer stel rituele hiervoor voor as deel van sy persoonlike bydrae tot die publikasie. Die inhoud van al die verskillende hoofstukke reflekteer die persoonlike oortuigings van die skrywers, wat daarom ook die diverse temas en benaderings binne die publikasie verklaar. Predikante of diegene in pastorale werk besluit sélf of en hoe hulle van hierdie boek gebruik maak.

**DIE NG KERK (ALGEMENE SINODE) EN BYBEL-MEDIA**

Bybel-Media is 'n maatskappy van die NG Kerk (Algemene Sinode), en sien die verhouding as volg daar uit:

- Eienaarskap: Die Algemene Sinode is die eienaar van Bybel-Media en oefen dit uit deur die Algemene Sinodale Moderamen
- Struktuur: Bybel-Media is 'n nie-winsgewende maatskappy, geregistreer as Public Benefit Organisation (PBO) by SARS
- Bestuur: Die lede van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) vorm die ledevergadering wat 'n direksie aanstel
- Verantwoordbaarheid: Die direksie is verantwoordbaar aan die ledevergadering (ASM), stel die uitvoerende bestuur aan en doen jaarliks verslag aan die ASM en elke vier jaar, aan die Algemene Sinode. Publikasies word nie vir goedkeuring aan aan die Algemene Sinode voorgelê nie.

**UITNODIGING**

Die NG Kerk bly toegewyd aan die ontwikkeling van teologies verantwoorde hulpmiddels wat met die Bybel en ons belydenis erns maak, en dit vir leraars, lidmate en gemeentes wat met hedendaagse vraagstukke in hul bediening worstel, aan te bied. Indien u meer inligting oor sulke hulpmiddels wil hê, kan u direk met Bybel-Media of die kantoor van die Algemene Sinode skakel. Die waarde van die publikasie Roetemerkers en die verslae wat dit onderlê, word byvoorbeeld ook op die webblad van die

Algemene Sinode uiteengesit. Konstruktiewe terugvoer hieroor deur leraars en lidmate word verwelkom, maar die verspreiding van vals inligting en wanvoorstellings kan nie aanvaar word nie.